

CENTRE FOR
SOCIAL SCIENCE RESEARCH

2009

**Boerdery en Bewaring in die
Strandveld**

Beatrice Conradie

November 2009

Dr. Beatrice Conradie is 'n Senior Lektor aan die Skool van Ekonomie, by die Universiteit van Kaapstad.

2009

Boerdery en Bewaring in die Strandveld

Hoekom?

Die ideale natuurbewaringsmodel word deesdae gesien as 'n bestuurstelsel wat gemeenskappe in staat stel om bewaring tot hulle eie voordeel aan te wend (Johnson & Johnson, 1995). Hierdie idee het in die plaaslike bewaringsgemeenskap posgevat. Byvoorbeeld, die *Cape Action Plan for the Environment (CAPE)* se visie vir fynbos bewaring verwoord so 'n geïntegreerde ontwikkelingsmodel as volg:

“By the year 2020, the natural environment and biodiversity of the fynbos region will be effectively conserved, restored wherever appropriate, and will deliver significant benefits to the people of the region in a way that is embraced by local communities, endorsed by the government and recognised internationally.”

(Lochner et al, 2003)

CAPE was 'n korttermynprojek wat slegs ten doel gehad het om 'n geïntegreerde bewaringsvisie vir die Kaapse Blommeryk te ontwikkel. Volgens *CAPE* moes implementering deur middel van 'n reeks landskapsinisiatiewe, waarvan die *Agulhas Biodiversity Initiative (ABI)* een was, plaasvind. Gedurende die eerste vyf jaar van *ABI* se bestaan is die projek deur die bewaringsgemeenskap gedryf en oorheers. Natuurbewaring besef dat grondeienaars en grondgebruikers belangrike vennote in die bewarings-proses is, en wil graag verstaan hoe privaatgrond in die Strandveld gebruik word. Dit is die eerste rede vir die opname. Tweedens, was dit 'n goeie geleentheid om uit te vind tot watter mate grondgebruikers inkoop in *CAPE* en *ABI* se geïntegreerde ontwikkelingsplan en of daar reeds 'n oortuigende ekonomiese argument vir bewaring gemaak kan word of nie. Derdens is dit belangrik vir die landbou om oor goeie grondgebruiksdata te beskik aangesien 'n gebrek daaraan die landbou by bewaringsowerhede onder verdenking kan plaas. Byvoorbeeld, Rouget *et al* (2003) aanvaar dat die landbou sal aanhou om fynbos teen dieselfde tempo om te ploeg as wat in die verlede gebeur het, al weet boere dat daar in die

wintersaaigebiede duisende hektaar lê wat nie meer winsgewend gesaai kan word nie.

Wie, waar en hoe?

Data is deur middel van persoonlike onderhoude versamel. Die vraelys van agt bladsye het oor onderwerpe soos grondgebruik, bewaring en bewaringsinstansies asook oor algemene indrukke gehandel. 'n Kwart van die onderhoude het meer as 'n uur elk geduur maar die gemiddelde onderhoud het 47 minute geduur.

Die studiegebied word deur die Gansbaai-Stanford-Bredasdorp-Struis-baai-teerpad begrens. Dit is hoofsaaklik 'n landbougebied maar van die kleiner eiendomme en twee van die heel grootste plase word deur mense besit wat nie 'n lewe uit die landbou maak nie. Die aanvanklike gedagte was om die opname tot grondeienaars te beperk. Dit was vir verskeie redes ongewens. In gevalle waar eienaars oorsee of in Gauteng woon, is onderhoude met die plaasbestuurders gevoer. Op Elim is onderhoude met 'n aantal grondhuurders en met die voorsitter van die Opsienersraad gevoer. Derhalwe word daar na die groep as grondgebruikers verwys. Name is hoofsaaklik getrek uit die ledelys van die drie boereverenigings wat in die streek bestaan. Dit is die name van kommersiële boere uit Elim en Spanjaardskloof en name van blomboere uit *Flower Valley* se lys van moontlike blomvoorsieners aangevul. Die residensiële of leefstylgroep is moontlik onvertegenwoordigend omdat hulle slegs ingesluit is waar hulle op boereverenigingsledelys voorgekom het.

Tabel 1: Samestelling van die steekproef

| Groep | Steekproef | Weierings | Deelnemers |
|------------------|------------|-----------|------------|
| Baarskeedersbos | 27 | 2 | 25 |
| Elim & omgewing | 22 | 7 | 15 |
| Fynbos, leefstyl | 25 | 4 | 21 |
| SMA, Bredasdorp | 17 | 3 | 14 |
| Totaal | 91 | 16 | 75 |

Die steekproef het uit 91 van die 102 moontlike name op die gesamentlike lys bestaan. Tabel 1 wys hoe die steekproef en groep uiteindelijke deelnemers

saamgestel is. Die prosedure was om te skakel om 'n afspraak te maak vir 'n onderhoud (gewoonlik die volgende dag). Indien 'n persoon herhaaldelik sonder antwoord geskakel is, is dit as 'n weiering getel. Uit die groep van 91 was daar 16 mense wat nie wou deelneem nie of nie opgespoor kon word nie, wat die deelname op 82% te staan gebring het.

Die gemiddelde grondeienaar/gebruiker

Die gemiddelde deelnemer is 49 jaar oud en het twintig jaar se ondervinding in boerdery. Sy of haar grond is gemiddeld reeds 55 jaar in die familie, of behoort reeds 180 jaar lank aan die Elim-gemeenskap. Nege uit tien deelnemers is Afrikaanssprekend en 87% was mans. Die gemiddelde vlak van opleiding is matriek; 24% van die groep het nie hoërskoolopleiding voltooi nie en 16% beskik oor een of meer graadkwalifikasie. Tweederdes van die deelnemers is voltydse boere en driekwart van die groep behoort aan 'n boerevereniging. Ongeveer een uit drie (35%) sê dat hulle al voorheen by een of ander van *ABI* se bedrywighede betrokke was, hoofsaaklik deur *Flower Valley* of die *SMA*. Amper 'n kwart van die groep (22%) behoort aan die *Nuwejaarsrivier Special Management Area (SMA)* en 17% besit grond wat aan die Agulhas Nasionale Park grens.

Plaasgroottes & bedryfstakke

Die gemiddelde plaasgrootte van 1,636 hektaar in die opname is feitlik identies aan die gemiddeld van 1,457 hektaar wat deur Heydenrych (1999) opgeteken is. In die opname wissel plaasgroottes van 'n minimum van elf tot 'n maksimum van 11,000 hektaar, met 'n mediaangrootte van 670 hektaar. Die gemiddelde bewerkte oppervlakte is 462 hektaar en die mediaangrootte van bewerking is 126 hektaar. Meer as die helfte van die plase het geen besproeiing nie, en waar daar wel besproei word is die gemiddelde besproeide oppervlakte 35 hektaar. Vyftien persent van plase het geen veld of vleggrond nie.

Tabel 2 wys hoe die streek se gemiddelde inkomste saamgestel is, terwyl Grafiek 2 wys hoe 'n bepaalde bedryfstak se bydrae tot inkomste met plaasgrootte verband hou. Daar moet ingedagte gehou word dat dit die rekenkundige gemiddeld van die persentasies wat die deelnemers verskaf het is. Gestel die helfte van 'n groep maak 'n bestaan uit melk terwyl die ander helfte net met koring boer: in so 'n geval sal Tabel 2 melk as 50% en koring as 50% van inkomste aandui, terwyl dit heeltemal moontlik is dat die totale inkomste uit koring dubbeld of drie maal so groot as die totale inkomste uit melk kan wees.

Die berekening is nietemin gedoen soos Heydenrych (1999) s'n en kan dus direk met sy syfers vergelyk word. Alhoewel dit nie in al die detail ooreenstem nie is sy syfers ook in Tabel 2 opgeteken om maklik te kan vergelyk.

Tabel 2: Bedryfstaksamestelling 1999 versus 2009 (n = 75)

| Bedryfstak | % van die gemiddeld | |
|-----------------------------------|---------------------|------------------|
| | 2009 | Heydenrych, 1999 |
| Ander/buite inkomste (insl. huur) | 34 | 31 |
| Veldblomme | 17 | 28 |
| Vee (skape & beeste) | 16 | 23 |
| Graan | 6 | 5 |
| Melkery | 13 | 5 |
| Wingerd | 5 | – |
| Dekriet & dek | 3 | – |
| Toerisme | 3 | 0 |
| Groente | 2 | – |
| Hout | 1 | 1 |
| Wild | 0 | – |
| Bye (bestuiwing & heuning) | – | 0 |
| Ander landbou | – | 2 |
| Aangeplante fynbos | – | 5 |

Die grootste enkele inkomstekategorie is “ander” wat onder meer uit salarisse, besigheidswins en pensioene bestaan. Heydenrych (1999) het die kategorie “buite-inkomste” genoem en in sy studie het dit 31% van die gemiddelde inkomste beloop. Tans kom 34% van die gemiddelde inkomste uit “ander” bronne. Dit sluit huurinkomste in wat 6% tot die gemiddeld bydra. Diegene wat ander inkomste rapporteer het kry gemiddeld 70% van hulle inkomste uit ander bronne.

Teen 17% van die gemiddelde inkomste is fynbos die tweede grootste bron van inkomste in die streek. Op die oomblik is fynbos se bydrae egter heelwat laer as wat Heydenrych (1999) bevind het. Amper die helfte (44%) van die deelnemers pluk of kweek fynbos en hulle ontvang gemiddeld 39% van hulle inkomste uit die bedryf. Volgens Heydenrych (1999) het die gemiddelde grondeienaar tien jaar gelede 5% van sy of haar inkomste uit aangeplante fynbos en 28% van sy of haar inkomste uit veldblomme verdien. Die aandeel kan moontlik selfs dekriet

insluit, wat hier apart gelys word as 3% van die gemiddelde inkomste. Slegs vyf persone het dekriet genoem, maar hulle kry gemiddeld 48% van hulle inkomste uit die riet of dekwerk.

Vee dra tans gemiddeld 16% van die groep se inkomste by, en vir die 47% van deelnemers wat wel vee het, verteenwoordig dit gemiddeld 35% van hulle inkomste. Volgens Heydenrych (1999) het vee tien jaar gelede 23% van die streek se inkomste bygedra. Die tradisionele boerderystelsel van die Strandveld kombineer vee met graan. Tans is graan se bydrae 6% van inkomste wat bykans onveranderd is van die 5% wat Heydenrych (1999) opgeteken het. Slegs 16% van die deelnemers boer op die oomblik met graan en hulle kry gemiddeld 35% van hulle inkomste daaruit. Ongeveer die helfte (47%) boer met vee en hulle kry ook gemiddeld 35% van hulle inkomste uit vee.


Die enigste ander belangrike bron van inkomste is melkerye, wat tans gemiddeld 13% van die inkomste in die Strandveld bydra. Dit is meer as dubbeld die 5% van gemiddelde inkomste wat tien jaar gelede gerapporteer is (Heydenrych, 1999). Tans is een uit vyf deelnemers melkboere en kry hulle gemiddeld 65% van hulle inkomste uit melk.

Verbouing van groente word op 2% van die gemiddelde inkomste as onbelangrik geag. Heydenrych (1999) het waarskynlik groente onder ander landbou ingesluit wat tydens sy studie 2% van die gemiddelde inkomste bygedra het. Die bydrae van brandhout is onveranderd op 1%, terwyl toerisme van nul tot 3% toegeneem het. Heydenrych (1999) het nie wild apart gereken nie; die betrokke studie het wel, maar dit beloop tans nog minder as 1% van die gemiddelde inkomste.

Tien jaar gelede is wingerd glad nie genoem nie. Op die oomblik maak dit 5% van die gemiddelde inkomste uit; vir die 7% wingerdboere is wingerd egter vir 72% van hulle inkomste verantwoordelik. Dit lyk asof wyndruiwe 'n spesialisbedryf gaan bly omdat slegs 44% van deelnemers wingerd as 'n geleentheid vir die Strandveld sien. In die afgelope jaar het net twee boere wingerd geplant, maar 13% van deelnemers het aangedui dat hulle wel beplan om wingerd te plant. Die uitbreiding van wingerd word beperk deur 'n gebrek aan kapitaal, beperkte water en 'n "menslike" beperkinge, byvoorbeeld dat hulle "nie van wingerd hou nie".

In Grafiek 1 is die plase in vyf groepe verdeel volgens plaasgrootte. Daar is ewe veel plase in elke groep of kwintiel. Die horisontale as dui die grootste en kleinste plaasgrootte in elke groep of kwintiel aan. Die eerste kwintiel bevat byvoorbeeld plase van 11 tot 133 hektaar, terwyl die tweede kwintiel plase van

140 tot 307 hektaar en die vyfde kwintiel die heel grootste plase van 3,089 hektaar tot 11,000 hektaar bevat. Die vertikale as verskaf die persentasie samestelling van die gemiddelde inkomste vir elke kwintiel.



Grafiek 1: Verband tussen plaasgrootte en persentasie inkomste uit sekere bedryfstakke (n= 69)

Grafiek 1 bevestig die meeste vooropgestelde idees oor hoe die samestelling van bedryfstakke verander soos wat plaasgrootte verander.

- Groot plase kry 'n groter deel van hulle inkomste uit tradisionele boerderyaktiwiteite. Graan en vee dra slegs 3% van die eerste groep se inkomste by, terwyl dit 28% van die vyfde groep s'n is.
- Die bydrae van ander inkomste en toerisme daal soos wat plaasgrootte toeneem. Ander inkomste maak 57% van die eerste kwintiel en slegs 18% van die vierde kwintiel se inkomste uit.
- Melkery speel 'n groter rol op plase van minder as 300 hektaar as op plase van meer as 300 hektaar. Die kleiner plase kry 20% van hulle inkomste uit melk en die grootste plase kry net 10% van hulle gemiddelde inkomste uit melk.
- Blomme en riet kom op 'n wye spektrum van eiendoms groottes voor. Dit neem toe van ongeveer 12 of 14% van die gemiddelde inkomste vir die eerste twee kwintiele tot ongeveer 30% van die gemiddelde inkomste op plase bo 400 hektaar.
- Wyn is 'n bedryfstak wat net op medium grootte boerderye voorkom. Aan die een kan is die groot plase in saaiery en vee gespesialiseer en

anderkant moet daar oor 'n minimum hoeveelheid kapitaal beskik word om wingerd te kan plant.

Ten spyte daarvan dat wingerd en melk oor die afgelope tien jaar in belangrikheid toegeneem het, het grondgebruikspatrone nie sigbaar verander nie. Tien jaar gelede het mense reeds opgehou om die meer marginale gronde van die Strandveld te saai. Daar is lusern op baie van die grond gevestig wat in 1999 'n sterk veevertakking en tans heelwat melkerye onderhou. Selfs al word wingerd nie op die heel beste grond op die plaas geplant nie, is die kans goed dat dit wel op grond geplant sal word wat al voorheen bewerk is. Buitendien is besproeiing 'n groter beperking as grond. Hoewel die indruk bestaan dat die streek waterryk is, was deelnemers oor die algemeen vaag oor hoeveel water hulle vir verdere uitbreiding beskikbaar het. Kapitaal om die water te ontwikkel, is dalk 'n groter beperking as die water self.

Geleentede en bedreigings

Deelnemers is van 'n lys van faktore voorsien wat hulle as geleentede of bedreigings moes klassifiseer. Hierdie inligting is in Grafiek 2 opgesom. Die grootte van die donker paneel links is 'n aanduiding van hoeveel deelnemers 'n bepaalde saak as 'n bedreiging beleef, terwyl die grootte van die regterkantse paneel aandui as hoe 'n groot geleentede 'n saak beskou word. So is byvoorbeeld die beplande Bantamsklipkragstasie (vierde van bo) deur 74% van die groep as bedreiging en deur 9% as 'n geleentede geklassifiseer.

Die vyf grootste gevare – en die enigstes wat deur meer as die helfte van die deelnemers as bedreiging gesien word – is stygende brandstofpryse, die kragstasie, die invoer van gesubsideerde landbouprodukte en armoede en die misdaad wat daarmee gepaard gaan.

Aan die geleentheidkant is vier faktore deur meer as tweederdes van die groep as geleentede geïdentifiseer, naamlik toerisme, die oes van veldblomme, houtskool uit indringers en die internasionale belangstelling in fynbos. 'n Moontlike mark vir koolstofkrediete en inkomers wat plase koop word deur ongeveer die helfte van die deelnemers as 'n geleentede gesien.


Toerisme is die toekoms

Meer as vier uit vyf deelnemers (86%) beskou toerisme as 'n geleentheid en 24 deelnemers (32%) het dit as die grootste geleentheid vir die Strandveld geïdentifiseer. Wanneer grondeienaars sê dat toerisme 'n geleentheid is, bedoel hulle nie almal dieselfde soort toerisme nie. Die volgende tipes toerisme het voorgekom:

- Wyntoerisme waar daar soveel as moontlik waarde aan die wyn toegevoeg word, byvoorbeeld deur middel van 'n restaurant en moontlike akkommodasie op die plaas.
- Botaniese toerisme, omdat fynbos nie noodwendig vir toeriste aantreklik is nie, en derhalwe tydens begeleide toere interpreteer moet word.
- Plaasakkommodasie vir groepe, met aktiwiteite soos trekkerritte na interessante plekke byvoorbeeld die kroeg op Baarskeedersbos.
- Volhoubare toerisme met die doelwit om die minimum impak op die omgewing te maak.

Daar is mense wat reeds die skuif na toerisme as hoofbron van inkomste gemaak het, maar in die meeste gevalle bestaan 'n plaas se toerismeaktiwiteit net uit 'n huisie of huisies wat gerestoureer is en die boervrou se besigheid is. Die helfte (48%) van die mense wat aandui dat hulle hul toerismebesigheid wil uitbrei, dink aan verdere akkommodasie. Terwyl die meeste deelnemers aandui dat die nuwe teerpad 'n groot aanwinst vir toerisme is, voel sommige van die boere dat dit nou moeiliker gaan wees om langs die pad te boer as tevore.

Mense is bekommerd oor die moontlike effek van Bantamsklip se kernkragentrale op hulle beleggings in toerisme-infrastruktuur. Dit is nie moeilik om hulle posisie te verstaan nie – as 'n mense die ongeskonde natuur of volhoubaarheid probeer verkoop is hoogspanningskragdrade waarskynlik nie die beste manier om dit te probeer doen nie. Hier word verwys na 'n relatief klein groepie mense wat baie sterk voel – net vier deelnemers het gesê dat die kragstasie vir hulle die grootste bedreiging vir die streek is. Die indruk word geskep dat die gemeenskap meer teen die drade as teen die kragstasie self gekant is. Die meeste mense verstaan dat die land meer kragopwekkingskapasiteit benodig, maar niemand wil hê dat die drade oor hulle grond moet loop nie.



Grafiek 2: Persepsies van deelnemers oor moontlike geleentheid en bedreigings vir die voortbestaan van hulle besighede (n=63)

Die moontlike pad van die kragdrade is uiters verdelend, en sleg vir die saak van bewaring. Een deelnemer het gesê dat die eerste keer wat hy van *ABI* gehoor het is toe 'n lid van *ABI* se bestuur opgestaan het om aan te beveel dat die drade liever weswaarts deur Baarskeerdersbos as ooswaarts deur die *SMA* moet loop. 'n Enkele insident moenie te veel opgeblaas word nie, maar dit belangrik vir *ABI* se sukses dat dinge wat sogenaamd namens die gemeenskap gedoen word tot voordeel van almal moet wees en nie tot sommige mense moet bevoordeel nie.

'n Lewensvatbare fynbos bedryf

Die meeste deelnemers sien die internasionale belangstelling in fynbos as 'n geleentheid om veldblomme te bemark eerder as 'n beperking op die vryheid

waarmee hulle hulle grond kan boer. Amper driekwart van die groep sien veldblomme (71%) as 'n besigheidseleentheid. Aan die produksiekant is die groot uitdagings om volhoubaarheid met hoër produktiwiteit te versoen en om brandgevaar te bestuur. Elf deelnemers (15%) het brand as die grootste gevaar vir hulle boerderye bestempel. Die meeste ou Strandvelders is baie krities teenoor die nuwe brandwet, wat volgens hulle “mense bang maak om te brand”. Volgens die groep behoort fynbos gemiddeld elke 9.9 jaar te brand. Dit sluit 26% mense in wat glo fynbos moet meer dikwels as elke sewe jaar brand (vir goeie weiding) sowel as 10% mense wat glo dit moenie meer dikwels as elke vyftien jaar brand nie (om die groter struik ook kans te gee om eers te blom en saad te vorm).

Die probleem met brand, soos met die beheer van indringerplante, is dat dit 'n gesamentlike poging sal verg om die probleem onder beheer te bring. Hoe meer plase onbewerk lê, hoe moeiliker gaan dit wees om brandgevaar te bestuur. Ongeveer tweederdes van deelnemers (65%) is reeds by 'n brandvereniging betrokke, en daar word gehoop dat die organisasies binnekort instaat sal wees om gekoördineerde brande uit te voer wat dit vir die deelnemers makliker sal maak om die brandgevaar op hulle grond te bestuur.

Soos reeds aangedui is nie bepaal presies hoeveel van die blomes uit aanplantings en hoeveel uit die veld kom nie. In die praktyk word die meeste blomveld wat intensief geoes word op 'n bepaalde manier bestuur, en dit kan wissel van bloot die veld skoonhou tot 'n komplekse brand – ploeg – saaiprogram. Net soos die dekrietboere van Albertinia, is die hoofrede wat hiervoor aangevoer word dat dit produksie verhoog of produksie potensiaal skep waar daar nooit voorheen blomme was nie (Greeff *et al*, 2009). Daar is 'n algemene gevoel tussen deelnemers dat daar nie altyd genoeg wedersydse begrip tussen die verteenwoordigers van bewaringsorganisasies en blomboere bestaan wanneer dit by die toestand van die veld kom nie.

Die meeste deelnemers dink dat aanplantings belangrik is. Hulle voer drie redes daarvoor aan, naamlik dat aanplantings druk van die veld afhaal, tweedens, dat daar is meer geld in aangeplante blomme as in veldblomme is, en derdens dat dit 'n manier is om meer loof te kan verkoop. Die sterk finansiële druk om weg te beweeg van veldblomme na aangeplante fynbos laat mense vrae vra oor die sin en relevansie van Flower Valley se volhoubare oesmetodes. As *Flower Valley* relevant wil bly sal die organisasie aandag moet gee aan bestuursmetodes wat natuurlike veld se produktiwiteit verhoog.

Weens die wêreldressessie was toegang tot markte 'n besonder brandende kwessie tydens die opname. Die omvang van die probleem is enorm; volgens

een persoon dra fynbos tans slegs 15% van sy omset by, terwyl dit die vorige jaar 85% van sy omset uitgemaak het.

In moeilike tye is 'n sterk bedryfsorganisasie belangrik. In die verlede was die bedryfsorganisasie die *South African Protea Producers and Exporters (SAPPEX)*, wat homself op kultivar-ontwikkeling en blomgehalte toegespits het. SAPPEX is onlangs ontbind om 'n aparte produsenteorganisasie en uitvoerdersforum te vorm. Dit is die *Protea Producers of South Africa (PPSA)* se oogmerk om eweveel klem op veldblomme as aangeplante fynbos te lê, maar die meeste deelnemers sien nog nie op die oomblik nut in PPSA lidmaatskap nie. Slegs nege van die 33 fynbos produsente indie groep (27%) is tans lid van die organisasie.

Twee mense beskou die bottelnek in fynbosbemarking as die grootste bedreiging vir hulle besigheid. Die bottelnek ontstaan op die vlak van die pakstoor/uitvoerder wat verskaffers teen mekaar afspeel om pryse so laag as moontlik te hou. Produsente kan op twee maniere hoër pryse beding. Horisontale integrasie, of verpoelde volumes, sal die bedryf instaat stel om nuwe markte oorsee te gaan soek, en dus 'n alternatiewe uitvoerkanaal te skep. Dis is moeiliker om 'n klein eenmalige oes verkoop te kry as produksie wat reg deur die jaar beskikbaar is. Die tweede strategie om pryse te verhoog, is deur vertikale integrasie, met ander woorde om sover as moontlik in die waardeketting op te beweeg. Terwyl sommige mense voel dat *Flower Valley* so 'n alternatiewe uitvoerkanaal op die been behoort te bring, voel ander dat 'n gemeenskapsorganisasie wat toegang tot skenkersgeld het, nie met produsente in kompetisie behoort te wees nie. Tien persent van die groep sien *Flower Valley* as bedreiging.

Praktiese voorstelle vir beter bemarking sluit onder meer in dat fynbos tydens die 2010 sokkerwêreldbeker op 'n groot skaal bemark moet word byvoorbeeld deur toe te sien dat alle gastehuse en hotelle slegs inheemse blomme in hulle ranskikings gebruik. Sommige mense voel dat die bedryf 'n goed befondste generiese bemarkingsveldtog benodig, terwyl ander dink hulle moet in hul privaathoedanigheid meer klem op die plaaslike mark lê. Gegewe die lae PPSA lidmaatskap is laasgenoemde meer waarskynlik as 'n internasionale bemarkingsveldtog.

Finansies is boere se grootste bekommernis

Volgens Grafiek 2 is meer boere oor finansiële druk bekommerd as oor enige van die ander moontlike bedreigings vir die streek. Twintig mense het na finansiële

probleme verwys in die vraag oor wat hulle as die grootste bedreiging vir hulle besigheid sien. Vir die meeste deelnemers is die finansiële fokus na binne, en druk hulle gevolglik die probleem as stygings in insetkoste, 'n swak melkprys of duur vervoerkoste van melk “omdat ons ver van alles af is” uit. Slegs drie mense het 'n verband tussen hulle eie situasie en die wêreldressessie getrek.

Die probleem van stygende insetpryse en dalende produkpryse word in die begrip koste-knyptang, of verswakkende landbou-ruilvoet, opgesom. Vier uit vyf grondgebruikers beskou dit as 'n bedreiging. Sedert 1994 het die pryse van die hoofboerderyinsette wat in die Strandveld van toepassing is (trekkers, brandstof, kunsmis, veevoer) met gemiddeld 10.3% per jaar gestyg. Dit is heelwat meer as die gemiddeld 7.5% waarmee die hoofprodukpryse (wintergraan, melk, beesvleis) gestyg het. Die dieselprys wat gedurende 2008 verdubbel het van R6 tot R12 per liter, is deur 90% van die deelnemers as 'n gevaar vir die voortbestaan van hulle besigheid beskou. Tweederdes van die groep is bekommerd oor wat die storting van gesubsideerde landbouprodukte aan plaaslike pryse doen.

Die onsekerheid oor grond

Hoewel Grafiek 2 nie die regering as 'n besondere bron van bekommernis uitwys nie, is daar 14 keer na die regering of die politieke bestel as die grootste gevaar vir boerdery in die Strandveld verwys. Mense is bekommerd oor wet en orde en dat eiendomsreg nie meer deur die wet beskerm gaan word nie. Die onsekerheid oor grondhervorming maak mense maar te bly oor die vraag na leefstylplase sodat hulle kan verkoop “terwyl grond nog 'n prys het”. Dit is belangrik om daarop te let dat die erge onsekerheid oor grond 'n minderheids gevoel is. Volgens Grafiek 2 word grondhervorming, die verblyfregwet (ESTA), die regering en selfs wetgewing oor minimum lone net derde van die deelnemers as 'n bedreiging beskou.

In die Strandveld is grondhervorming 'n minder belangrike bron van onsekerheid as die feit dat die gebied hoë bewaringsprioriteit geniet. Lede van die SMA lede is openlik daaroor dat hulle bloot aan die SMA behoort om hulle eiendomsreg te verskans, en dat hulle hoop dat hulle daardeur van grondhervorming vergestel sal word, en nie meer deur die Park uitgekoopt sal word nie. Grond is 'n hoogs-emosionele saak, en wanneer grond deur die park gekoop word, word die hele gemeenskap daardeur geraak. Iemand wat glad nie aan die Park grens nie het vertel van hoe sy vriend se plaas gekoop is en nou lê en tot niet gaan. Hy sê hy vies daaroor want dit het 'n familietradisie van jare tot 'n einde gebring en sy vriend se hele toekoms verwoes. Ten spyte van die ongelukkige verhaal voel meer mense dat die Park voordelig eerder as nadelig

is, en dat uitbreidings aan die Park eerder voordelig as nadeling vir die streek sal wees.

In die eerste paar maande van sy bestaan was die *SMA* nie altyd 'n 'maklike' organisasie om mee saam te lewe of aan te behoort nie. Die *SMA* is egter 'n kritiese komponent in die implimentering van *CAPE* se visie oor geïntegreerde ontwikkeling, aangesien hierdie boere daarop sal aandring dat bewaringsaksies bekostigbaar sal wees en doeltreffend uitgevoer sal word.

'n Wynboer en lid van die *SMA* maak die volgende belangrike punt:


“Ek waardeer die BWI [Biodiversiteit en Wyn-Inisiatief] mense baie, want hulle kom my gereeld besoek en dis lekker om vir hulle te wys wat ek al reggekry het. Maar op die einde van die dag wil hulle aan my 'n plan verkoop wat my geld en tyd gaan kos.”

Bewaring is nie altyd 'n prioriteit vir 'n boer nie. Dikwels is oorlewing belangriker. Die vraelys het die volgende stelling gemaak: “Fynbos wat nie gepluk kan word nie, het geen nut nie.” As fynbos vir hulle intrinsieke waarde (bestaanreg) het, behoort mense die stelling te verwerp. Die helfte van die groep het dit wel gedoen, maar 43% het daarmee saam gestem. Duidelik beskou grondgebruikers “waarde” as ekonomiese of markwaarde. In die proses om oor te skakel na 'n ekonomie wat op biodiversiteit berus, word daar van boere gevra om net nog 'n bron van onsekerheid aanboord te neem. Die oorskakeling sal makliker gebeur as mense voel hulle is in beheer van die proses, en daarom is die *SMA* so 'n belangrike voertuig om bewaring mee te bevorder. 'n Oorweldigende 92% van die deelnemers het saamgestem dat hulle reeds 'n rol in die bewaring van die Strandveld speel. Hulle sê wat oor is is oor omdat boere dit op privaat grond bewaar het en voel dat hulle daarom 'n reg het inspraak in die bewarings proses te hê.

Indrukke oor bewaringsvennote en oor *ABI*

Om ten gunste van bewaring te wees beteken nie noodwendig dat daar 'n goeie verhouding tussen die gemeenskap en hulle bewaringsvennote bestaan nie. Grafiek 3 gee 'n oorsig hoe mense dink oor die organisasies wat in die Strandveld werk. Daar moet onmiddellik gesê word dat deelnemers nie altyd goed tussen Kaapse Natuurbewaring of Parkeraad onderskei nie. Nietemin, Kaapse Natuurbewaring en die Department Landbou se *Land Care* program staan ten opsigte van goeie diens redelik ver bo die ander drie vennote uit. Ongeveer een uit drie deelnemers dink die twee organisasies doen goed. Aan die

kant van swak diens is daar nie 'n groot verskil nie, alhoewel die Kaapse Natuurbewaring dubbeld soveel kritiek as Parkeraad en die Departement Landbou gekry het. Dit is interessant hoe baie mense neutraal oor die bewaringsvennote in hulle midde is. Dit sou kon beteken dat die skerp kritiek wat van sommiges gehoor word 'n minderheidstem is, maar dan sou daar verwag word dat daar ook meer positiewe indrukke bestaan. Dit sou sleg wees as mense nie anders kan as om neutraal oor 'n organisasie te wees bloot omdat hulle nog geen kontak met die organisasie gehad het nie.



Grafiek 3: Persepsies van deelnemers oor die diens wat hulle van bewaringsorganisasies kry (n = 67)

Die bewaringsgemeenskap beskou *ABI* as 'n prysenswaardige voorbeeld van 'n gesonde verhouding tussen diverse rolspelers wat wat 'n groot bydrae tot bewaring maak. Ongelukkig is die realiteit op die grond anders. Ten spyte daarvan dat *ABI* deur 58% van die groep as 'n geleentheid beskou het meer as 'n kwart van die deelnemers glad nie geweet wat *ABI* behels nie. Baie mense kla dat *ABI* nie by hulle uitkom nie. Hulle sê dat *ABI* se doelwitte ten spyte van baie vergaderings en aanbiedings nog baie vaag bly. In een geval is daar na *ABI* as "hoogs Engels" verwys, terwyl verskeie mense voel dat die organisasie grootliks irrelevant is.

Gevolgtrekking

Die mense van die Strandveld verstaan die waarde van hulle omgewing en die moontlike mark daarvoor. Dit is nie egter altyd so maklik om die skuif van die tradisionele boerderystelsels na 'n biodiversiteitsekonomie te maak nie, omdat mense vasgevang is in die landbou.

In breë trekke is grondgebruikspatrone nog dieselfde as wat dit tien jaar gelede was. Plase is nie besig om groter of kleiner te raak nie en daar nie nou beduidend meer inkommers in die Strandveld is as wat daar tien jaar gelede was

nie. Daar is egter twee verskuiwings wat belangrike tendense kan word, naamlik die groeiende belangrikheid van melk en wyndruiwe. Met die toerismepotensiaal van wyn en die groeiende rol wat die BWI speel sou daar gesê kom word dat die wynbedryf liewers goed as sleg vir bewaring is. Dieselfde is nie direk waar van melk nie; met sy sterk kontantvloei-eienskap is melk dikwels 'n aanduiding van finansiële druk. Dit kan bewaring benadeel omdat 'n boer wat swaar kry nie geld gaan hê om sy plaas in stand te hou nie.

Boere is bekommerd oor hulle finansies, en terwyl hulle voel dat hulle reeds 'n rol speel in die bewaring van die Strandveld, het hulle dikwels nie 'n goeie verhouding met hulle vennote in natuurbewaring nie. Goeie eerlike kommunikasie is waarskynlik die eerste stap om die verhouding te herstel, maar daarbenewens behoort beide die bewaringsgemeenskap en die boerderygemeenskap in gedagte te hou dat die omgewing vir altwee partye belangrik is. Op die manier kan daar praktiese en blywende gestalte gegee word aan die wonderlike visie van bewaring tot voordeel van die hele gemeenskap.

Bedankings

Ek wil eerstens baie graag dankie sê aan almal wat bereid was om aan die opname deel te neem. Ek wil ook vir my navorsingsassistent, Vanessa Barends, bedank vir al haar hulp, en vir die koffie. Baie dankie aan almal wat pad verduidelik het en met ons rondgery het, en ook vir Oom Diko en die vriendelike meneer van Parkeraad wat my gehelp het om weer op die pad te kom. Laastens wil ons aan *Fauna en Flora International* wat die projek uit hul *Arcadia Fund* befonds het baie dankie sê vir hulle finansiële ondersteuning.

Bronnelys

- GREEFF P, CONRADIE B & M HORN. 2009. Private costs and benefits of three systems of thatch reed production on the Riversdale plain, with potential implications for biodiversity. CAPE Environmental and Resource Economics Conference, 21 May 2009, Cape Town.
- HEYDENRYCH, BJ. 1999. *Historical background of land use on the Agulhas Plain*. MSc in Botany, University of Cape Town
- LOCHNER, P, WEAVER A, GELDERBLOM C, PAERT R, SANDWICH T & S FOWKES . 2003. Aligning the diverse: The development of a biodiversity conservation strategy for the Cape Floristic Region. *Biological Conservation* 112: 29 - 43
- JOHNSON N & B JOHNSON. 1995. Measures for sustainable use of biodiversity in natural resource management. Section 13.3 in Measures for conservation of biodiversity and sustainable use of its components, (eds.) Miller, Allegrati, Johnson & Johnson. *UNEP Global Biodiversity Assessment*, Cambridge University Press
- ROUGET M, RICHARDSON DM, COWLING RM, LLOYD JW & AT LOMBARD. 2003. Current patterns of habitat transformation and future threats to biodiversity in terrestrial ecosystems of the Cape Floristic Region, South Africa. *Conservation Biology* 112: 63 – 85